

Ons het ontmoet in die lente. Ek kon weer glimlag, hy het my heel gemaak. My wange konstant bloeisel pienk en rooi en my oë skitterend soos dou op fyn blare. Hy was my geluk, niks anders nie. Met die somer sonopkoms, het ons liefde gegroei. Helder en warm. Gevul met vreugde en verwondering. Ons het tot laat in die nag gesels, ek kon hom alles vertel. My laaste boodskap was altyd aan hom. Vir my was die lewe perfek. Ongelukkig het die weer begin draai en alles het skielik verkeerd geaan. Soos die blare wat uitdroog en verkleur, val hulle. Die wêreld lyk mooi, maar dit maak seer. My winter is oppad, maar vir hom is daar 'n nuwe lente. Hy is nie meer myne nie. Koue dae met 'n donker selfoon skerm. Ek kan nie uit die bed uit nie, ek dink ek hiberneer. Wat het met ons gebeur? Die lewe moet tog aangaan. In my soektog na 'n nuwe seisoen, iemand om die leegte te vul, vind ek toe myself. Goed genoeg, spesiaal en uniek. Selfliefde is vier seisoene in een.